HOëRSKOOL SWELLENDAM

NUUSBRIEF
APRIL 2021

Beste Ouers

Die eerste kwartaal van 2021 het gevlieg. Weens Covid-regulasies kon ons daagliks slegs vier van die vyf skoolgrade akkommodeer. Ons kon begin met sport– en kultuuroefeninge en kon weer so ‘n bietjie nader aan die ‘ou’ normaal beweeg. Dit is ook aangenaam dat ons ouers kan meedeel dat ons vanaf die begin van die tweede kwartaal al ons leerders by die skool gaan akkommodeer. Ten spyte van Covid, kan ons met trots terugvoer gee oor die aktiwiteite wat gedurende die eerste kwartaal plaasgevind het. Gedurende die eerste kwartaal was daar slegs twee leerders en twee opvoeders wat positief getoets het vir Covid. Ons is dankbaar dat ons Covid-getalle by die skool baie laag is en dat ons, tot op die stadium, regtig geseënd is met goeie gesondheid.
Baie dankie ook aan alle ouers, vriende, borge en ondersteuners vir jul samewerking, hulp en belangstelling. Dit word hoog op prys gestel. Dankie ook aan elke ouer, voog, afrigter en opvoeder wat ons leerders ondersteun, sodat hul ook hul talente kan uitleef en hul volle potensiaal by Hoërskool Swellendam kan verwesenlik.
‘n Spesiale woord van dank aan die terreinwerkers wat gedurende die eerste kwartaal hard gewerk het om ons klasse en skoolgebou daagliks te saniteer en ook ons skoolgronde netjies te hou. Ons waardeer julle hulp. Dankie ook aan elke Swellie wat deur die kwartaal gehelp het om ons skool netjies te hou.
Sterkte aan almal met die aanvang van die tweede kwartaal. Ek is seker daarvan dat dit baie bedrywig gaan wees, met buitemuurse aktiwiteite wat mag plaasvind en met oomblikke wat ons verseker vorentoe sal onthou!

Mnr. Pelser

SKOOLBYWONING

Dit is aangenaam om aan ouers terugvoer te gee dat alle grade met die aanvang van die tweede kwartaal terugkeer skool toe. Ons is baie opgewonde om al die grade weer terug te kan hê by die skool en sien baie uit daarna om volstoom te kan werk met die leerders.

COVID-MAATREËLS

Alhoewel ons versoek dat leerders wat simptome toon by die huis moet bly, is dit noodsaaklik dat gesonde leerders wel skool toe kom, sodat ons optimaal kan fokus op ons akademie.

PROSEDURE MET AANKOMS BY SKOOL

Alle personeel en leerders gaan direk na die toetspunte. Samedromming en sosialisering moet asseblief liefs vermy word.
Graad 10-leerders tree aan op die stoep aan die sykant van die saal (by die saal se kombuis). Die motorhek aan die sykant van die saal moet gebruik word. Alle ander grade meld aan by die ‘ramp’ voor die saal.
By die toetspunt vind die volgende plaas:

- ✓ Leerders tree aan (gebruik rooi merkers) en handhaaf sosiale afstand.
- ✓ Temperatuur word gemeet
- ✓ 5 Voorkomingsvrae sal aan leerders gerig word.
- ✓ ‘n Temperatuur tot en met 37.9 C is aanvaarbaar.
- ✓ ‘n Temperatuur van 38 C en hoër - nie aanvaarbaar nie.
- ✓ Indien ‘n persoon positief antwoord op enige van die vrae of ‘n temperatuur van 38 C of hoër het, sal hy/sy versoek word om nie die perseel te betree nie.
- ✓ Die 5 voorkomingsvrae is as volg:
  - Hoes jy?
  - Het jy ‘n koors?

- Is jy kort van asem?
- Het jy ‘n seer keel?
- Het jy binne die afgelope 14 dae kontak gehad met iemand wat die coronavirus opgedoen het?

✓ Ons doen ‘n dringende beroep op alle ouers om reeds hierdie 5 vrae tuis te evalueer en u kind tuis te hou indien daar ‘ja’ geantwoord word op enige van hierdie vrae.

✓ Wanneer ‘n leerder siek voel moet ouers asseblief die leerder tuis hou en toesien dat die leerder steeds sy/haar skoolwerk tuis op datum hou.

✓ Indien ‘n leerder nie die toets slaag nie, sal hy/sy geisoleer word totdat ouers hul kan kom afhaal. So ‘n persoon sal aangeraai word om die COVID-19 hotline nommer (021 928 4102/0800 029 999) te skakel. Voor so ‘n leerder kan terugkeer moet daar duidelike bewyse wees dat die nodige voorsorg getref is.

Voordat personeel en leerders die toetsstasie verlaat om die gebou binne te gaan, moet hulle hul hande saniteer. So ook wanneer die skoolterrein verlaat word aan die einde van die skooldag.
Voorkoms: Normale voorkomsreëls geld vir alle leerders wat terugkeer skool toe.
Tot en met verdere kennisgewing sal leerders formele wintersdrag dra op Maandae, Woensdae en Vrydae. Op Dinsdae en Donderdae sal LO-drag gedra word (Skoolsweetpak). Die rede hiervoor is, dat skooldrag daagliks gewas kan word om die verspreiding van die virus te bekamp.

SAMEWERKING:

Ons doen ‘n dringende beroep op alle ouers en leerders om in hierdie onsekere tyd julle volle samewerking te gee sodat leer optimaal kan plaasvind en almal se veiligheid as prioriteit gesien kan word. Ons vra dat leerders en ouers alle aspekte van COVID-19 met erns benader.
Indien ‘n mede-swellie of familie wel direk geraak word deur die virus, moet ons so ‘n persoon ondersteun en van hulp wees eerder as om te veroordeel.

Mnr. Pelser

AKADEMIE

Aan die einde van die eerste kwartaal moet ouers en leerders die geleentheid gebruik om elke leerder se akademiese vordering te evalueer. Die rapport fokus hoofsaaklik op die uitslag van die toetse en take van die eerste kwartaal. Die uitslag kan as goeie riglyn gebruik word om te sien of u kind volgens die pas en standaard van die spesifieke graad vorder.
Maak asseblief van die geleentheid gebruik om met u kind se vakonderwysers te skakel en ook die akademiese oueraande by te woon.
Baie geluk aan elke leerder wat gedurende die kwartaal mooi presteer het en hul persoonlike doelwitte nagestreef het. Vir diegene wat nie so presteer het soos hulle moes nie – sit skouer aan die wiel; dit is nooit te laat om ‘n verskil te maak nie!
Sterkte aan almal met die aanvang van die tweede kwartaal. Aangesien die toetsreeks tot op die einde van die kwartaal gestrek het, word ons rapporte uitgee op Vrydag 7 Mei 2021.

SLAAGVEREISTES: GRAAD 8 EN 9

Huistaal	50%	Vlak 4
Addisionele Taal	40%	Vlak 3
Wiskunde	40%	Vlak 3
Enige drie ander vakke	40%	Vlak 3
2 van die oorblywende vakke	30%	Vlak 2

SLAAGVEREISTES: GRAAD 10 – 12

Huistaal	40%	Vlak 3
2 ander vakke	40%	Vlak 3
3 ander vakke	30%	Vlak 2

TUISWERK / TOETSE

Ons doen ‘n dringende beroep op alle ouers om ons asseblief te help om toe te sien dat leerders elke dag hul tuiswerk by die huis voltooi.
Dit is vir ons kommerwekkend om te sien dat, veral junior-leerders, glad nie akademies ingestel is nie en nie ‘n poging aanwend om tuiswerk te voltooi nie. Doen asseblief moeite by die huis om vir u kind te vra of hul tuiswerk klaar is en kyk ook self daarna. Vra gereeld hul skryfboeke/werkboeke en kyk na u kind se werk.
Graag wil ons ouers ook aanmoedig om gereeld hul kinders se tuiswerkboeke na te gaan. Kyk spesifiek of daar tuiswerk, in die tuiswerkboek, opgeskryf is. Kontroleer dan sommer of die werk voltooi is. AS DAAR NIE TUISWERK OPGESKRYF IS NIE, DAN MOET U WEET IEWERS IS IETS FOUT! As u kind elke dag sê dat sy / haar tuiswerk klaar is, dan moet u asseblief u kind aanmoedig om te hersien. Leerders in die hoërskool kry elke dag tuiswerk! Vra ook gereeld vir u kind of daar nie klastoetse en take is wat u kan teken nie.
Indien u kind een van daardie leerders is wat NOOIT huiswerk of take het om te voltooi nie, moet u asseblief spoedig kontak maak met die skool. Ons sal graag vir u wil terugvoering gee of u kind se tuiswerk elke dag voltooi is.

Mnr. Pelser

INTERVENSIEKLASSE / ONDERSTEUNINGSKLASSE

Intervensieklasse word op Dinsdae en Donderdae aangebied van 14:00 – 14:45.

- Dinsdae sal die ondersteuningsklasse aan vakgroepe aangebied word en sal die onderwyser die leerders hiervan in kennis stel.
- Donderdae is vir individuele ondersteuning. Opvoeders sal leerders identifiseer en leerders uitnooi om die ondersteuningsklasse by te woon.
- Dit staan leerders ook vry om self afsprake met opvoeders self te maak.

Ons versoek leerders en ouers om bogenoemde reëling as ‘n geleentheid tot groei te sien en u samewerking in die verband te gee.

Mnr. Pelser

LEERDERAFWESIGHEID

Indien ‘n leerder afwesig is, is dit ‘n **OUER** se plig om die skool in kennis te stel. Ons vra asseblief dat met alle afwesighede ‘n afwesigheidsbriefie na mev. Henrico (sekretaresse) gestuur word. Ouers moet duidelik ‘n rede aanvoer waarom ‘n leerder afwesig is. Ouers kan vir mev. Henrico kontak, haar per epos van die afwesigheid in kennis stel of ‘n afwesigheidsbrief na haar kantoor stuur.
028 – 514 1361
swellies@telkomsa.net
INDIEN ‘N LEERDER AFWESIG IS OP ‘N DAG WAT ‘N EKSAMEN, TOETS/E OF FORMELE ASSESSERING AFGELÊ WORD, WORD DAAR VAN OUERS VERWAG OM ‘N DOKTERSERTIFIKAAT IN TE DIEN. ALTERNATIEWE REËLINGS VIR DIE SKRYF VAN DIE EKSAMEN, TOETS OF TAAK SAL DAN GETREF WORD. INDIEN GEEN REëLINGS GETREF WORD NIE EN GEEN DOKTERSERTIKAAT INGEHANDIG WORD NIE, GAAN LEERDERS NIE PUNTE VIR DIE EKSAMEN, TOETS OF TAKE ONTVANG WAT NIE AFGELÊ IS NIE.
OUERS MOET ASSEBLIEF NIE DIE REGISTEROPVOEDERS KONTAK OF DIE INLIGTING NA MEV. OLIVIER DEURGEE NIE. ALLE INLIGTING, RAKENDE AFWESIGHEID, WORD DEUR MEV. HENRICO HANTEER!

Mnr. Pelser

SKOOLTYE

Skooltye is as volg: Maandae tot Vrydae 07:30 – 14:00.
Dinsdae: 14:00 - 14:45 intervensie aan klasgroepe
Donderdae: 14:00 – 14:45 intervensie aan individuele leerder
Vrydae: 14:00 – 16:00 detensie
Die skool heropen op Maandag 3 Mei 2021, om 07:30. Ons volg dag 3 op die rooster.

Mnr. Pelser

SKOOLFONDS: 1STE KWARTAAL 2021

Aan alle ouers wat gereeld en getrou hul skoolfonds betaal, wil ons ons opregte dank en waardering uitspreek. Rekeninge word maandeliks gehef en die skoolfonds is maandeliks vooruitbetaalbaar, voor die 7de van elke maand. Ons doen 'n spesiale beroep op alle ouers om by hierdie reëlings te hou – die skool het ook maandelikse verpligtinge om na te kom en dit kan slegs nagekom word as u u skoolfonds stiptelik betaal. Indien u daarin belangstel om 'n debietorder vir u skoolfonds in te stel, maak asseblief met mev. Olivier kontak om die reëling te tref – ons debietorderstelsel is in volle werking.
Die SBL doen 'n dringende beroep op alle ouers dat hul asseblief hul finansiële verantwoordelikheid teenoor die skool moet nakom en die skoolgelde vir die eerste kwartaal op datum bring. Dit is die beleid van die Beheerliggaam dat alle agterstallige skoolgelde aan die einde van elke kwartaal aan die skool se prokureurs vir invordering oorgegee sal word. Oorhandiging van skoolgeld is 'n onaangename proses wat ons liefs wil vermy. ***HIERDIE SKRYWE DIEN AS AANMANING VIR DIE BETALING VAN U SKOOLGELDE.*** *Alle skoolfooie moet teen 31ste April 2021 ten volle vereffen wees.* Alle uitstaande rekeninge word per e-pos na ouers deurgestuur. Skakel asseblief met mev. Olivier in die verband.

Mev. Olivier

D6 – CONNECT APP

Vanaf 1 Januarie 2021 het die skool oorgeskakel vanaf die 'd6 – School Communicator App' na die **'d6 – Connect App'**. Die **'d6 – Connect App'** is die amptelike platform vir ***ALLE*** kommunikasie na ouers en bestaan ook uit 'n finansiële afdeling wat vanaf Januarie 2021 aan ouers gebied is. Die nuwe app is 'n uitbreiding van die vorige 'd6- School Communicator' wat egter nog meer gebruikersvriendelik is en oor meer funksies beskik. Ons vra asseblief dat alle ouers die 'd6 School Communicator' op jul toestelle vervang met die nuwe, 'd6 – Connect App'. U kan die vrymoedigheid neem en met mev. Olivier skakel indien u enige hulp of navrae rakende die 'App' benodig. U kan mev. Olivier kontak op 028 - 514 1361 of finansies@swellendamhs.com.

Mev.Olivier

TRANSFORM TO PERFORM - VALUES 2021

Since values contribute greatly to learner performance in an academic environment, we aim to focus on one specific value per month, in 2021. We would like to encourage all parents to support us in this effort and reinforce these values at home.

MONTH	VALUE	MONTH	VALUE
January	**Commitment**	July	**Caring**
February	**Responsiveness**	August	**Compassion**
March	**Thankfulness**	September	**Consideration**
April	**Cleanliness**	October	**Responsiveness**
May	**Compassion**	November	**Joyfulness**
June	**Innovation**	December	**Service**

WCED'S MANTRA

The WCED aims to enforce the following mantra: "Enter to Learn" and "Leave to Serve".
Swellendam High School also wants to promote this mantra throughout 2021 and the years to come.

WCED'S YEAR THEME

We herewith inform parents and learners that the WCED's theme for 2021 is:
VALUES-DRIVEN LEADERSHIP.

N. Pelser

SWELLIES: JAARTEMA 2021

#eenheid#unity

Wat is eenheid?

Om saam en heelhartig op 'n bestemming af te stuur. Dit beteken dat ons eengesind is oor die visie waarvoor ons in die skool "baklei" asook die eindbestemming waarnatoe ons mik.

EENsgesind – lê in gesindheid
EENvormig – geld vir almal
gemEENskaplik – ook vir breër publiek
EENparig – kommunikeer raakpunte
oorEENkomste – fokus daarop

Wat is ons visie?

Dat ons leerders van karakter sal ontwikkel en opvoed wat gereed is vir die lewe daarbuite.

Waarin wil ons eenheid bewerkstellig?

A. Liggaam - gesonde leefstyl	Januarie tot April
B. Siel - voed dit	Mei tot Augustus
C. Gees - lewe geesdriftig	September- Desember

Hierdie karaktereienskappe sluit by eenheid aan omdat ons almal SAAM onsself gaan gee om hierdie eienskappe te ontwikkel.

Mnr. Pelser

SBL-VERKIESING: 2021 – 2024

Nominasies vir ons SBL-verkiesing het op 29 Maart 2021 gesluit. Nadat ons verkiesingsbeampte, mnr. Jaco Swart, die nominasies geverifieer het, was daar slegs 7 nominasies. Vir 'n geldige verkiesing moet daar ten minste 7 ouerlede genomineer wees. Indien daar slegs 7 ouer nominasies is, dan is die ouers outomaties verkies tot die SBL van die skool.

Ek wil baie dankie sê aan elkeen van die lede wat bereid is om op die skool se SBL te dien. Ek wil ook vir elkeen van die lede baie sterkte en voorspoed toewens met die groot taak. Ons hoop hul geniet dit om by die skool betrokke te wees.

Die SBL-lede het hul eerste vergadering gehou en die volgende ampte en portefeuljes is verkies:

VOORSITTER - mnr. Henk Botes; **TESOURIER -** mnr. Stiaan Dreyer;
ONDER-VOORSITTER - mnr. Jacco de Vormer; **SEKRETARESSE -** mev. Taryn Colyn
FINANSIES - mnr. Stiaan Dreyer**; AKADEMIE -** mnr. Nicholas Pelser
INSTANDHOUDING - mnr. Andre Kruger; **SWEMBAD -** mnr. Nicholas Pelser
KULTUUR - mev. Stella van Loggerenberg; **DISSIPLINE -** mnr. Stiaan Dreyer
KOSHUIS - mev. Hester Jordaan**; SPORT -** mnr. Johan Swart
BEMARKING - mev. Stella van Loggerenberg

OUERKOMITEE - Mev. Hannelie Lourens / Mnr. Johan Vos
PROJEKTE - Mnr. Johan Swart
AANSTELLINGSKOMITEE
Mnr. Henk Botes, mnr. Jacco de Vormer, mnr. Stiaan Dreyer, mev. Taryn Colyn, mnr. Johan Vos, mnr. Nicholas Pelser

Mnr. Pelser

VRL EN MATRIEKRAAD

Die VRL het 2021 afgeskop met 'n kort verwelkomings-aksie met die graad 8's. Hierdie aksie is kortgeknip as gevolg van Covid-19. Maar hulle het die skool se verjaarsdag op 11 Maart gereël en elke leerder het 'n heerlike stukkie koek ontvang. Hulle het ook aan die begin van die jaar vir die personeel 'n heerlike verwelkomings-ontbyt gegee. Hulle help die onderwysers met dissipline en doen dit baie goed. Hulle het een formele vergadering gehad en die beplanning vir die tweede kwartaal lyk goed. Die graad 8-VRL-lede is ook gekies en sal vanaf volgende kwartaal 'n bydrae tot die VRL- en Matriekraad kan lewer. Hulle beplan verder 'n padwedloop en 'n fliekaand vir volgende kwartaal. Daar is ook voor Paasnaweek paaseiers vir die gr.8's weggesteek. Ons is dankbaar vir die rol wat hulel in die skool speel.

Mev.Theron

REDENAARS

Daar is 6 leerders wat gaan deelneem aan die ATKV se redenaarskompetisie in Mei-maand. Die leerders sal virtueel deelneem aan die kompetisie. Ons sê baie sterkte aan die volgende leerders vir hul voorbereiding en deelname:

Juniors : Mia Burger, Thys Lourens en Annebelle Hanekom
Seniors : Inge Swart en Nina Houterman

Mev.Theron

TONEEL

Daar is reeds oudisies gedoen vir die toneel wat hierdie jaar opgevoer gaan word. Die rolverdeling is ook gedoen en daar sal vroeg in volgende kwartaal begin oefen word.

Mev.Theron

ORATORS

Swellendam High School's annual orators evening takes place on 25 May in mr Cornelissen's classroom. The juniors will start at 16h00 and the seniors at 18h00.
If you would like to participate, please choose a theme and formulate a topic. Learners are welcome to deliver any type of speech (motivational/informative etc.), not only argumentative.
Learners who want to participate must please give their topics to mrs Steenekamp no later than 7 May 2021.

Grade 8 & 9 (3-4 minutes)	**Grade 10,11 & 12** (4-5 minutes)
• Wonder • Footprints • Feast • Training	• The future • Survival • Remedies • Exotic

Mrs Steenekamp

ENGLISH DEPARTMENT

All learners in grade 8 had to write a mini-saga ending, to a given short story. There seems to be a lot of writing talent among the grade 8s which excites the English department. Congratulations to the following 3 grade 8 learners who came out tops at an internal, mini-saga competition.
First place: Janica Schutte
Second place: Belinda Vermeulen
Third place: Simone van Wyk

Overberg writing competitions:
a) Essay: Final date for entries is 28 May
b) Mini-saga: Final date for entries is 28 June

The English teachers will encourage learners to enter for these competitions but learners are also welcome to enter individually. The details regarding the competitions will be discussed in class but are also available from mrs. Steenekamp. We have won the mini-saga competition the past 2 years and plan to continue on this winning streak.

Mrs Steenekamp

INTERACT CLUB

Baie geluk aan die volgende leerders wat verkies is as die bestuurspan Ané Wolfaardt (President), Klara van Niekerk (Vise-president), Anmari Bruwer (Tesourier) en Kari van As (Sekretaresse). Die eerste projek het op 31 Maart 2021 plaasgevind. Die Paasfees-boodskap is deur 'n groep van 17 'interact'-lede, by Laerskool Swellendam se nasorg gaan vertel. Die laerskoolleerders het dit baie geniet en was veral opgewonde om die paaseiers te gaan soek. Baie dankie vir al die lede se hulp! Ons sien uit na watter ander projekte hulle hierdie jaar gaan aanpak.

Me. Van Zyl

ADMATHS

Daar is vanjaar in totaal 31 Admaths-leerders (gr. 4 - 12) by Swellendam wat verseker dat ons as ‘n amptelike sentrum erken word. Die 7 hoërskool-leerders doen almal aanlynklasse en skryf slegs formele toetse en eksamens onder toesig. Die eerste formele toets vir die jaar is in die week van 12 – 16 April by die hoërskool afgelê. Ons is baie trots op hierdie studente wat hulself uitdaag met gevorderde Wiskunde om daarmee toegerus te word vir ‘n toekoms in die akademie.

Mev. Mouton

WISKUNDE OLIMPIADE

Die volgende vier leerders het deurgedring na die tweede rondte van die Old Mutual Wiskunde Olimpiade wat op 18 Mei 2021 plaasvind:
Paul Jordaan en Litha Schutte (gr. 11) Lizzy Franken en Zoey van der Westhuizen (gr. 8)
Baie geluk en sterkte met verdere voorbereiding!

Mev. Mouton

OUERAAND

Die oueraand (op versoek en afspraak van ouers) word op Dinsdag 18 Mei gehou vanaf 17:00 - 20:00 in die skoolsaal. Daar sal saam met u kind se rapport ‘n briefie wees om in te vul as u ‘n onderwyser wil spreek. Stuur die briefie terug na die registeronderwyser teen 12 Mei op die laatste sodat afsprake geskeduleer kan word. Dra van masker sal verpligtend wees.

Me. Brown

WINTERSKOOL

Ons beoog om 6 - 8 Julie ‘n Winterskool aan te bied vir die gr. 11 en 12 leerders.
Die fokus sal op kernvakke wees. Meer inligting oor tye, rooster en kostes sal later deurgegee word.

Me. Brown

PROVERTO-OLIMPIADE

Ons is trots daarop dat daar vanjaar 25 leerders, van gr. 10 - 12, ingeskryf het vir die Proverto Olimpiade. Hierdie leerders neem Besigheidstudies en/of Rekeningkunde. Die eerste rondte vind op 12 Mei plaas. Ons wens die leerders net die beste toe!

Me. Brown

TOUTREK

As gevolg van Covid-19, het die seuns en dogters hierdie jaar eers begin oefen en gaan hul deelneem as Swellendam Toutrekklub. As als goed verloop, sal hul op 24 April deelneem aan ‘n mini-SA’s wat op Oakdale gehou sal word. Ons hoop alles verloop volgens plan en dat die trekkers sal kan deelneem.

Mev. Theron

ATLETIEK

Op Donderdag, 6 Mei, bied ons ‘n 1 uur atletiekbyeenkoms aan. Die volgende items gaan plaasvind: hoogspring, verspring, 100m, 200m en 800m. Om aan Covid-riglyne te voldoen, word geen toeskouers egter toegelaat nie.

Mev.Jooste

TENNIS

Die seuns- en dogterstennisspanne het twee vriendskaplike wedstryde aan die begin van die kwartaal gespeel. Gedurende die eerste wedstryd teen Robertson het Klara van Niekerk haar enkels gewen. Die spanne het baie goed gevaar teen Bredasdorp. Baie geluk aan Klara van Niekerk en Eslé le Roux wat elkeen hul enkels gewen het en as ‘n dubbelsspan ook daarmee hul laaste tenniswedstryd van hul skoolloopbaan gewen het. Ons is trots op julle. Baie dankie vir die leerders wat getrou die oefeninge bygewoon het. Sien julle almal weer in kwartaal 4!

Me. Van Zyl

KRIEKET

Baie dankie aan elke speler wat so getrou kom oefen het. Dit was baie lekker om julle hierdie kwartaal af te rig. Ons het die kwartaal seker die meeste spelers by oefeninge gehad. Hoop ons kan dieselfde geesdrif in die 4de kwartaal beleef.
Gedurende die kwartaal het ons die spelers in spanne verdeel en onder mekaar wedstryde gespeel. Graag deel ek dan wie die beste spelers in die onderskeie katagorieë is.
Beste kolwer: Ruben Maré met 'n gemiddeld van 34.
Beste bouler: Ruben Maré, 9.1 beurte, 30 lopies afgestaan, 7 paaltjies
Beste veldwerker: Grandley Booise
Beste vordering: Jeandré Evertson

Mnr. Cornelissen

RUGBY

Die honger wat 2019 in ons wakker gemaak het is GROOT. Na die staat ons toegelaat het om weer te kan rugby oefen en speel, is ons as rugbyafrigters in die skool baie opgewonde vir die seisoen wat voorlê. Ons het reeds begin oefen. Die spelers wat betrokke is in somersport , soos toutrek sal na afloop van hul seisoen by ons aansluit. Die vooruitsig van wedstryde wat in kwartaal 2 kan plaasvind is werklik iets om na uit te sien.
Ons oefen twee dae ‘n week tot aan die einde van die eerste kwartaal. Die oefening neem toe, na drie dae ‘n week, in kwartaal 2 - Maandae, Dinsdae en Donderdae om 15:30. Ons wil graag AL die seuns uitnooi om te kom speel. Die wat al baie seisoene gespeel het en die wat nog nooit gespeel het nie - ALMAL IS WELKOM.
Kondisionering is baie belangrik en almal word aangemoedig om dit so deeglik moontlik, ook op jou eie tyd gedurende die vakansie aan te pak. Die terugkeer van al die spelers, soos die somersporte klaarmaak het die afrigters behoorlik aan die gons en ons kan nie meer wag om volgende kwartaal voluit aan te pak nie! Dit is ons wens en hoop dat soveel moontlik seuns betrokke wil raak en by ons kom aansluit vir RUGBY 2021.

Mnr. Vos

NETBAL

Plaaslike Netbalkliniek: Die netbaldogters het die voorreg gehad om op 12 en 13 Maart ‘n afrigtingskliniek by Hoërskool Swellendam te kon bywoon. Ons het ook die o/12 en o/13 spanne van Laerskool Swellendam genooi. Hierdie kliniek is aangebied deur mev. Burtha de Kock, voormalige Protea-afrigter en is bygestaan deur een van die Crinum spelers (die Cheetahs van Netbal). Elke speler het nuwe vaardighede en tegnieke aangeleer. Mev. De Kock is ‘n wonderlik, inspirerende afrigter met ‘n puik aanslag en dit was vir ons as afrigters heerlik om die spelers se opgewondenheid op die baan te beleef. Dit was ook vir ons ‘n riem onder die hart dat ons spelers, ten spyte van die hitte en lang ure van die kurses heeltyd ‘n positiewe gesindheid openbaar het en voluit gegaan het. Ons het werklik groot waardering vir mev. Burtha de Kock wat haar kennis en liefde vir netbal met ons kom deel het. Ons wil ook ons waardering uitspreek teenoor Aan de Leisure Collection vir die borg van hul verblyf hier op Swellendam. Baie, baie dankie ook aan die ouerkomitee, onder leiding van mev. Lourens, wat met soveel entoesiasme reggestaan het vir ons. ‘n Baie spesiale dankie ook aan mevv. Marné van Niekerk en Suzann Swart vir die middagetes voorsien. Ons waardeer u goedgesindheid teenoor ons skool.
Overberg Netbal akademie:
Afrigters van die Overberg netbalakademie het ons netbalkliniek bygewoon om talent te identifiseer vir hierdie akademie. Ses van ons spelers is genooi na die Netbal akademie se toetsgeleentheid op Bredasdorp op 20 Maart. Hier is die spelers blootgestel aan strawwe kompetisie en vaardigheidstoetse en hul moes meeding met 30 spelers vanuit die hele Overberg. Ons is baie trots om te kan sê dat vyf van ons spelers ingesluit is in die Overberg netbalakademie se oefengroep.
Die oefengroep is as volg:

1. Faith Bogenhapen (Bredasdorp)
2. Adele Venter (Bredasdorp)
3. Caithlyn Otto (Hermanus)
4. **Liezl Groenewald (Swellendam)**
5. Ashlee Wessels (Hoërskool Overberg)
6. **Annelize Jacobs (Swellenddam)**
7. **Amber Witbooi (Swellendam)**

8. Nicole Madden (Bredasdorp)
9. Ronday Martin (Hoërskool Overberg)
10. **Jana Swart (Swellendam)**
11. Some Louw (Bredasdorp)
12. **Lana Gouws (Swellendam)**

Baie, baie geluk aan elk van die spelers en baie sterkte met die volgende kragmetings! Oefen getrou!
Netbalproewe datums is tentafief op die volgende dae:
o/14, o/17 en o/18 is 14 Mei
o/15 en o/16 is 21 Mei
28/29 Mei – Zone-proewe
4 - 5 Junie – Wes-Kaap finaleproewe
Topskole is 18 - 19 Junie
All ages is 11 - 15 Julie; 15 – 20 Julie afhangende van ouderdomsgroep
Oefenkamp is 2 – 4 Julie

Mev. le Roux

VOORTREKKERS

Dit was met groot opgewondenheid dat die Voortrekkers hul bedrywighede saam met die opening van die skole in Februarie hervat het. Natuurlik met streng Covid-19 Protokol in plek. Weens die Covid beperkinge het geen Kommandokamp die eerste kwartaal plaasgevind nie. Alle spanne het egter gepoog om soveel moontlik buitelugaktiwiteite te doen.
Daarom het die gr. 8 – 12 voortrekkers op ‘n hoë noot weggespring en ‘n spankamp te Bonnievale langs die Breërivier gehou. Ons tydsberekening was perfek vir die kamp, want die kamp was gehou die naweek voor die krokodille van die teelplaas ontsnap het. Daarom kon ons nog aan Tarzan-toue swaai en in die rivier spring, met binnebande dryf, swem en “slippery slide”, sonder om bevrees te wees vir hierdie rivierongediertes, Wie weet, dis dalk nooit weer vir ons beskore om in die Breërivier te swem nie!
Ons volgende avontuur was om met binnebande in Tradouwspas af te dryf. Die asemrowende natuurskoon met loodregte kranse, diep donker poele wat lank en uitgestrek voor jou lê, totale afsondering met geen toegang vanuit die buite wereld nie, behalwe slegs enkele plekke, het dit ‘n belewenis gemaak. Dit is egter nie kinderspeletjies nie, want ons het 12km geklim en geroei en het eers die aand om 18h30 by ons eindbestemming aangekom.
Die gr. 8 en 9 groep wat net uit meisies bestaan se spangees was so aansteeklik dat 2 gr. 9 manne nou toegetree het tot hulle geledere. Ons is baie opgewonde oor hierdie brawe kêrels. Die nuwe spanlede is verwelkom met ‘n speletjie middag. Die groep het ook in diepte na die Anglo-Boereoorlog gekyk. Dit is gedoen teen die agtergrond van die nuwe boek wat vir tieners geskryf is nl. “500 Myl” deur Phillip C. Henn, Dit is die aangrypende verhaal oor die lewe van ‘n groepie dapper kinders ten tye van die oorlog. Die boek het nogal emosie en bewondering by die spanlede uitgelok.
Die gr. 11 en 12 groep het die invloed van rock-musiek op tieners bekyk deur ‘n interessante video te kyk. Hulle is ook besig om in gesoute voëlkykers te ontwikkel. Mnr. Jonathan Carter het hulle op ‘n voëlkyk uitstappie geneem waar ons meer as 22 verskillende voëls in ‘n uur en ‘n kwart geïdentifiseer het. In die aanloop tot Paasnaweek, het hulle ook hul eie geestelike ingesteldheid ondersoek en ’n baie interessante en leersame belewenis saam met ds. Nico van der Walt oor verskillende tipes spiritualiteite gehad. Dit het almal net in die regte gees van Goeie Vrydag gebring.
Daar word met groot verwagting na die 2^{e} kwartaal uitgesien. Die Voortrekkers hervat hul aktiwieite op Vrydag, 14 Mei met ‘n nagmars om almal se nagbewustheid weer op te skerp.

Alet Streicher

SKAAK

Die skaak het met groot entoesiasme en ‘n paar nuwe gretige spelers afgeskop. Ons oefen elke Woensdagmiddag 14:00 - 15:00 en is besig om ‘n ranglys op te stel vir deelname teen buurskole; so gou as wat die sportprogram vasgestel word. Alle Swellies wat nog belangstel om te speel en gereeld te oefen, is welkom om by die groep aan te sluit.

Mev. Mouton

ROLBAL

Rolbal was van die min sportsoorte wat, met korrekte Covid-protokol, as skolesport kon voortgaan. Daar is tans 6 gereelde spelers. Ons is bly daar is ook nuwe spelers wat by ons aangesluit het.Ons kon 6 oefeninge afhandel (Dinsdae 15:00): afrigting, verskillende spelformate en kort wedstryde.Die laaste oefening van die kwartaal was afgesluit met ‘n “Bejaardes” vs “Youngsters” wedstryd … gelukkig kon die “Bejaardes” darem 2de kom!Ruben Lubbe het op 6 Maart deelgeneem aan die Boland Junior-enkels.Op 8 Mei is daar ook geleentheid vir die leerders om in te skryf vir Boland Junior-pare.Ons sal graag nog spelers wil verwelkom!

Me. Brown

GHOLF

Die Gholfseisoen, teen ander skole in ons streek, kon weens COVID-regulasies nie plaasvind nie. Ons kinders het egter nog steeds bly oefen en het ook teen mekaar gespeel. Ons is baie trots op Andrè Loots wat nuut by ons groep aangesluit het en dan sommer ook die wenner was, van Afdeling C, van die Swellendam gholfklubkampioenskappe. Ons wil spelers aanmoedig om aan te sluit by die gholf-groep. Mnr. Kobus van Loggerenberg oefen, in die 2de kwartaal, op 'n Maandag, vanaf 16:00 met hulle.

Mev. Van Loggerenberg

OUERKOMITEE

Hartlike woord van dank aan 'n wonderlike ouerkomitee, onder leiding van mevv. Lourens en Boshoff wat hierdie jaar weer bereid is om die skool te help. Dankie vir voorvat en planne maak, vir al die snoepiereëlings en fondsinsamelings. Ons sien elke beweging raak en waardeer dit baie. Ons wens jul ook alle sterkte en voorspoed toe met die wintersportprogram.

Me. Berndt

ADVERTENSIEBORDE: SKOOL EN SPORTGRONDE

As daar enige ouers, besighede of ander belangstellendes is wat daaraan dink om ‘n advertensiebord by die skool of sportgronde aan te bring, maak asseblief kontak met mev. Olivier.
Ons sal graag meer van die borde wil aanbring.

Mnr. Pelser

WEBBLADSY

Besoek gerus ons skool se webbladsy by www.hsswellendam.co.za. Daar is ‘n opgedatteerde datumlys vir die res van 2021. Daar is ook heelwat ander interessante inligting asook foto’s ens. waarna u kan kyk. Dankie aan mev. Groenewald wat die webtuiste in stand hou!

OUD-LEERDERS EN SWELLENDAMMERS

Oud–Swellies is vir ons skool belangrik en ons is baie trots op hul verdere vordering in die breë samelewing. Ons doen ‘n beroep op ouers en vriende van Hoërskool Swellendam om die skool oor enige prestasies, hoogtepunte, lief en leed in kennis te stel. U kan op verskeie maniere hierdie inligting aan ons deurgee:

- e-pos aan swellies@telkomsa.net
- besoek Hoërskool Swellendam se Facebook – blad
- per pos aan: Hoërskool Swellendam, Posbus 141, Swellendam, 6740
- skakel ons by 028 – 514 1361.

MEI 2021		
1	Saterdag	• Werkersdag

3	Maandag	• Skool begin 07:30 • Wintersdrag
4	Dinsdag	• Koshuiskomiteevergadering (mnr. Pelser se kantoor)
5	Woensdag	• VRL-vergadering 14:00 – CT
6	Donderdag	• Een-uur Atletiekbyeenkoms 15:00 tot 16:00 - Sportgronde
7	Vrydag	• Rapport word uitgegee
8	Saterdag	• Rolbal Jnr Pare
10	Maandag	• SBL-vergadering 14:00 (mnr. Pelser se kantoor) • Toneeloefening 15:00 – 17:00 - Saal
11	Dinsdag	• VRL-vergadering 14:00 - CT
12	Woensdag	• Proverto Olimpiade EBW en Rek • Netbal O/14, O/17, O/18 proewe – Bredasdorp • Toneeloefening 14:00 – 16:00 - Saal • Pinkster
13	Donderdag	• Hemelvaart • Eid-oel-Fiter
14	Vrydag	• Pinkster
15	Saterdag	• Rolbal Jnr Pare • Noodhulpkursus • Pinkster
16	Sondag	• Pinkster
17	Maandag	• Toneeloefening 15:00 – 17:00 - Saal • Pinkster • Sjavout
18	Dinsdag	• Wiskunde Olimpiade Rondte 2 • Gr. 12 Onderwêreldvertoning (indien hulle mag) • Museum High School Speech Evening 15:00 – Drostdy Museum • Oueraand (ouerversoek) 17:00 tot 20:00 - Saal • Pinkster • Sjavout
19	Woensdag	• Toneeloefening 14:00 – 16:00 - Saal • Netbal O/15, O/19 proewe - Villiersdorp • Pinkster
20	Donderdag	• Toneeloefening 18:30 – 21:00 - Saal • Pinkster
21	Vrydag	• Buitelugfliek - sportgronde
22	Saterdag	• Sport vs Montagu - Rugby, Hokkie, Netbal, Skaak (Tuis)
23	Sondag	• Pinksterfees
24	Maandag	• Toneeloefening 15:00 – 17:00 - Saal • TMT Uitreikspan
25	Dinsdag	• Orators Evening - Junior 16:00, Senior 18:00 – EC classroom • TMT Uitreikspan
26	Woendag	• Toneeloefening 14:00 -16:00 - Saal • TMT Uitreikspan
27	Donderdag	• VCSV Koffiekroeg 18:30 - Saal • TMT Uitreikspan
28	Vrydag	• TMT Uitreikspan • Overberg Essay Entries due date • Netbal Zone Proewe
29	Saterdag	• Netbal Zone Proewe
31	Maandag	• Toneeloefening 15:00 – 17:00 – Saal
JUNIE 2021		
1	Dinsdag	• Leeutjie Meeting 14:00 – 16:00 – CS classroom

		• Swellies Film Festival 17:30 – Saal
2	Woensdag	• Toneeloefening 14:00 – 16:00 – Saal • Swellies Film Festival 17:30 – Saal
3	Donderdag	• English Essays to be written during school. • Swellies Film Festival 17:30 – Saal
4	Vrydag	• Afrikaanse Opstelle word geskryf gedurende skool. • Swellies Film Festival 17:30 – Saal • Netbal Weskaapproewe
5	Saterdag	• Netbal Weskaapproewe • Sport vs Bonnievale Hoërskool + Laerskool Sportdag - Tuis
7	Maandag	• Toneeloefening 15:00 – 17:00 - Saal • SBL-dagbestuurvergadering 16:00 (Mnr. Pelser se kantoor)
9	Woensdag	• Toneeloefening 14:00 – 16:00 - Saal • Koshuiskomitee-vergadering 14:00 (Mnr. Pelser se kantoor) • Afrikaanse redenaars
10	Donderdag	• Toneeloefening 18:30 – 21:00 – Saal
12	Saterdag	• Sport vs Caledon - Rugby, Hokkie, Netbal, Skaak (Tuis)
14	Maandag	• Toneeloefening 15:00 – 17:00 - Saal • SBL-vergadering 16:00 - Personeelkamer
16	Woensdag	• Jeugdag • **TONEELOEFENING 09:00 – 15:00 - SAAL**
17	Donderdag	• Toneelleerders verdaag om 12:00 • Toneelopvoering – Fiela se Kind – 19:00 - Saal
18	Vrydag	• Toneelleerders verdaag om 12:00 • Toneelopvoering – Fiela se Kind – 19:00 – Saal • Netbal Topskole
19	Saterdag	• Netbal Topskole • Sport vs Laborie - Rugby, Hokkie, Netbal, Skaak (Tuis)
21	Maandag	• Eksamen begin voorlopig
30	Woensdag	• Gr. 10 Vakveranderings sluit – maksimum 2 vakke
JULIE 2021		
2	Vrydag	• Netbal Oefenkamp
3	Saterdag	• Netbal Oefenkamp
4	Sondag	• Netbal Oefenkamp
7	Woensdag	• Winterskool Gr. 11 + 12: 16:00 tot 20:00
8	Donderdag	• Winterskool Gr. 11 + 12: 16:00 tot 20:00
9	Vrydag	• Winterskool Gr. 11 + 12: 16:00 tot 20:00 • Skool sluit 11:00
11	Sondag	• Netbal All Ages Toernooi
12	Maandag	• Netbal All Ages Toernooi
13	Dinsdag	• Netbal All Ages Toernooi
14	Woensdag	• Netbal All Ages Toernooi
15	Donderdag	• Netbal All Ages Toernooi
16	Vrydag	• Netbal All Ages Toernooi
17	Saterdag	• Netbal All Ages Toernooi
18	Sondag	• Netbal All Ages Toernooi
19	Maandag	• Netbal All Ages Toernooi
20	Dinsdag	• Netbal All Ages Toernooi
24	Saterdag	• Around the Pot Fietswedren
26	Maandag	• Skool begin 07:30